# INHOUD

Voorword

DIE HERKOMS VAN DIE AFRIKANER

1657 - 1807 1

1808 - 1837 25

1838 - 1867 39

Samevattende tabel 56

Bronnelys 57

Afkortings 59

LYSTE VAN STAMOUERS

1657 - 1687 63

1688 - 1717 67

1718 - 1747 83

1748 - 1777 102

1778 - 1807 131

1808 - 1837 171

1838 - 1867 223

Aanvullende lys 328

# VOORWOORD

Hierdie navorsing oor die herkoms van die Afrikaner is moontlik gemaak deur die finansiële hulp wat die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing aan my verleen het. Hiermee my hartelike dank daarvoor. Menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is uiteraard dié van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing nie.

Die hulp wat ek ontvang het van die argivarisse en bibliotekarisse van die argiewe en biblioteke waar ek navorsing gedoen het, stel ek hoog op prys. Ek is ook baie dank verskuldig aan al die skribas van die gemeentes wat my spesiaal tegemoet gekom het.

Aangesien die spelling van Afrikaanse name en vanne soveel wissel, het ek die spelling van De Villiers se geslagsregisters in hoofsaak gevolg.

Dit spyt my dat soveel gegewens nog onvolledig is; dit is hoofsaaklik te wyte aan die feit dat ons genealogiese gegewens nog nie gesentraliseer is nie. Hoewel ek in al vier provinsies die plaaslike kerkkantore besoek het, was dit onmoontlik om die hele veld te dek. Baie registers kon ongelukkig nie opgespoor word nie; waarskynlik het sommige in die Anglo-Boere-Oorlog verlore gegaan.

My dank aan die uitgewersfirma A. A. Balkema wat die publikasie van hierdie navorsing onderneem het.

Ten slotte wil ek graag meld dat ek alle opbouende kritiek sal verwelkom.

J. A. Heese

Haylettstraat 40,
Strand

# VERDUIDELIKING VAN TERME

Dr J. D. J. Hofmeyr van die Univ van S.A. het my daarop gewys dat die woord rassesamestelling nie gebruik kon word wanneer ek tussen Duitsers, Hollanders en Britte differensieer nie — hulle behoort almal min of meer aan dieselfde ras, daarom praat ek net van samestelling van die Afrikaner i.p.v. rassesamestelling. Die term bloed mag om dieselfde rede nie gebruik word nie, aangesien daar eintlik nie verskil tussen Duitse bloed en Nederlandse bloed is nie. Maar tussen blankes en nie-blankes mag die term rassesamestelling en bloed wel gebruik word.

By gebrek aan 'n beter woord het ek egter die term bloedeenhede in die volgende betekenis gebruik. Waar daar uit 'n huwelik van 'n Duitser en 'n Nederlander ses kinders gebore is, is die Duitse kolom en die Nederlandse kolom elk met drie bloedeenhede gekrediteer.

# DIE HERKOMS VAN DIE AFRIKANER

## 1657-1807

### Deel 1

Die doel van hierdie studie is om die herkoms van die Afrikaner te bepaal. Met die term „Afrikaner" bedoel ek die Afrikaanssprekende blankes van Suider-Afrika.

Reeds in 1902 het 'n Nederlander, dr H. T. Colenbrander, in sy bekende werk, „De Afkomst der Boeren", hierdie taak aangedurf. Hoewel ander navorsers, vóór en ná hom, van sy gevolgtrekkings verskil het, word Colenbrander vandag nog as gesaghebbend op dié gebied aanvaar. Volgens hom sou die drie nasies wat die belangrikste bydraes tot die samestelling van die Afrikaner gelewer het, as volg verteenwoordig wees:

| | | |
|---|---|---|
| Hollanders | = | 53% |
| Duitsers | = | 27% |
| Franse | = | 17% |

Die bydrae van alle ander nasies sou volgens hom slegs 6% wees.

Hierdie gevolgtrekking word deur dr D. B. Bosman in sy artikel in Deel 2 van „Die Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner" aanvaar.[1] Tevore het dr Bosman, in medewerking met dr A. L. Geyer, dr Colenbrander se gegewens krities ontleed en die samestelling van die Afrikaner as volg bepaal:[2]

| | | |
|---|---|---|
| Hollanders | = | 50% |
| Duitsers | = | 28% |
| Franse | = | 15% |
| Ander saam | = | 4% |

Hulle het dus nie veel van Colenbrander verskil nie. Ander persone wat in hierdie onderwerp belanggestel het, was Preller,[3] Moritz,[4] Werner Schmidt,[5] Theal,[6] Malherbe,[7] Dom Smits[8] e.a. Na hulle gevolgtrekkings word later verwys.

Colenbrander se resultate berus hoofsaaklik op De Villiers se „Geslacht-Register der oude Kaapsche Familien". (Aangesien ons herhaaldelik na hierdie werk sal verwys, word die gebruiklike afkorting, G.R., in die vervolg hiervoor gebruik.) Maar in 1958 het dr J. Hoge se „Bydraes tot die Genealogie van ou Afrikaanse Families" verskyn. (Na hierdie werk sal ons in die vervolg met die afkorting, Hoge, verwys.) In hierdie werk het dr. Hoge bewys dat daar baie leemtes en foute in De Villiers se werk was, bv. baie Afrikaanse families wat vóór 1807 aan die Kaap gevestig was, is nie deur die verwerkers van De Villiers se gegewens opgeneem nie. Ek haal aan uit dr Hoge se voorwoord tot sy „Bydraes": „Hierdie magistrale werk (G.R.) is eg-

ter nie sonder tekortkomings en onjuisthede nie. Die herkoms en nasionaliteit van stamvaders en stammoeders word dikwels gladnie of foutief aangegee; huweliks- en geboortedatums ontbreek in baie gevalle; die stambome van sommige families is onvolledig en 'n aantal families (106) is nie opgeneem nie, sodat gevolgtrekkings, soos die van Colenbrander in sy werk: „De Afkomst der Boeren" met betrekking tot die etnologiese en sosiologiese struktuur van die Afrikaanse bevolking in Suid-Afrika onbetroubaar is".

Ek het my dan in hierdie eerste deel van my studie ten doel gestel om in die lig van Hoge se nuwe gegewens en van eie gegewens verkry uit argivale bronne die etnologiese struktuur van die Afrikaanssprekende blankes opnuut te bepaal.

Ek het derhalwe net soos Colenbrander die herkoms van elke stamouer wat voor 1808 aan die Kaap getroud is, nagegaan. Die getal kinders uit die huwelike van die stamouers is dan in berekening gebring.

Die jaar 1807 is as einddatum geneem, omdat die meeste gegewens van G.R. nie verder as dit strek nie. Net in sommige families is die geslagregisters verder as 1807 voltooi, aangesien De Villiers nie die doopboeke van die gemeentes George en Uitenhage nagegaan het nie. Dit het 'n ernstige leemte geskep wat ek probeer aanvul het deur die ontbrekende gegewens uit die doopboeke van George en Uitenhage te verkry. Ek het ook die doopboeke van die ouer gemeentes (Kaapstad, Stellenbosch, ens.) tot 1807 deurgegaan en bevind dat Hoge die veld reeds baie deeglik gedek het. Hierdie aanvullende gegewens het my in staat gestel om 'n getrouer beeld te kry van die laaste tydvak, nl. 1778-1807. Veral die getal kinders uit huwelike tussen 1800 en 1807 sou by De Villiers en dus ook by Colenbrander weens gebrek aan gegewens nie tot sy reg kom nie. Hier kan die beswaar geopper word: Waarom mag kinders wat na 1807 gebore is, dan in berekening gebring word om die bevolkingstal van 1807 weer te gee? Colenbrander het hieromtrent die volgende aangevoer:[9] „Wel zijn in de rubriek 1778-1807 kinderen in rekening gebracht die eerst na 1807 zijn geboren, daar het effect is opgenomen van alle tot en met 1807 gesloten huwelijken, maar daar staat tegenover, dat een aantal van de sedert 1778 geboren reeds kinderen hadden in 1807, die in mijn tabel niet tot recht konden komen, daar de vermenigvuldiger voor de laatste horizontale rubriek noodzakelijk 1 moest zijn".[10] Hierdie motivering van Colenbrander kom my baie aanneemlik voor, veral as ons in ag neem dat Kaapgebore persone gewoonlik baie jonk in die huwelik getree het.

Hoewel my resultate heelwat van Colenbrander s'n verskil, het ek in hoofsaak dieselfde berekeningsmetodes as Colenbrander gevolg. Gevolglik wil ek eers kortliks sy berekeningsmetode verduidelik.

## COLENBRANDER SE BEREKENINGSMETODE

Heel tereg, gaan Colenbrander van die standpunt uit dat die stamouer wat hom reeds in die sewentiende eeu aan die Kaap gevestig het, 'n groter by-

## DIE BYDRAE VAN DIE NEDERLANDERS TOT DIE SAMESTELLING VAN DIE AFRIKAANSSPREKENDE BLANKES

Aangesien die Kaap van 1652 tot 1695 en weer vanaf 1803 tot 1806 onder Nederlandse bestuur was, is dit vanselfsprekend dat die Nederlanders die grootste bydrae tot die Afrikanerstam moes gelewer het. Theal het die Nederlandse bydrae so hoog as 67 persent gestel, wat hy veral toeskrywe aan die feit dat verreweg die meeste stammoeders uit Nederland gekom het en dat die meeste Nederlanders as koloniste baie vroeg op Suid-Afrikaanse bodem gekom het.

Met hierdie hoë persentasiebepaling het Colenbrander nie akkoord gegaan nie. Nadat hy elke stamvader- en -moeder se bydrae bepaal het deur die vrugbaarheid van elke gesin na te gaan, het hy die Nederlandse bydrae op 50 persent gestel, d.w.s. nog net so hoog as al die ander nasies tesame. Bosman en Geyer het dit effens hoër gestel, nl. op 53 persent. Daar my persentasiebepaling op slegs 36.8 persent vir die Nederlanders te staan kom, wil ek graag die volgende faktore noem.

In die eerste plek wil ek verwys na die rubriek oor die bydrae van die Duitsers. Daarin het ek faktore behandel wat gelei het tot die hoër persentasie van die Duitse bydrae. 'n Verhoogde bydrae van die Duitsers bring vanselfsprekend 'n verlaging van die ander nasies s'n mee. Teneinde herhaling te voorkom, stip ek net hierdie faktore aan

1 Baie meer Duitse stamvaders as wat Theal of Colenbrander aangedui het.
2 Baie meer Duitse stammoeders as wat selfs Colenbrander aangedui het.
3 Baie stamouers wat eintlik Duitsers was, is as van ander nasionaliteite aangedui (en hier veral ten gunste van die Nederlanders).

Soos in my Tabel A te sien is, het die Nederlanders in die eerste tydvak (1657-1687) 'n baie groot oorwig oor al die ander nasionaliteite saam; die Nederlanders word verteenwoordig deur 60 persent van die bloedeenhede. Selfs in die tweede tydperk toe die Franse Hugenote gekom het, het die Nederlanders nog die meeste bloedeenhede, maar die persentasie staan nou op 47.1 persent vir die eerste sestig jaar. In die volgende tydvak het die Duitse bydrae reeds die oorhand gekry, en in die volgende twee tydvakke het die Nederlanders nog verder op die Duitsers verloor. Een van die vernaamste redes vir hierdie verskynsel was dat die Komapnjie ná die moeilikhede tussen W. A. van der Stel en die burgers opgehou het om immigrasie na die Kaap te ondersteun. Voor 1707 het die Kompanjie (en veral in die tyd van Simon van der Stel) baie hulp verskaf aan voornemende immigrante (vry passaat, voorskotte, ens.), maar toe die gunstige voorwaardes ingetrek is, het baie min Hollanders as immigrante na die Kaap gekom. Die meeste stamvaders het van toe af gekom uit die Kompanjiedienaars wat hul ontslag uit

# DIE HERKOMS VAN DIE AFRIKANER

## 1838-1867

### Deel 3

In hierdie derde deel van my navorsing het ek die tydperk, 1838-1867, as basis van berekening geneem. Twee faktore het veral aandag verdien.

(a) Het die immigrasiestroom tussen die jare 1838 en 1867 die samestelling van die Afrikaner soos dit in 1837 was, baie beïnvloed? Daar was die staatsondersteunde immigrasie van Duitse soldate en koloniste na die Krim-oorlog. Tegelykertyd was daar nog steeds 'n gedurige stroom van Britse immigrante. Ook was daar pogings om meer Nederlanders na Suid-Afrika te lok.

(b) Het die opname van nie-blanke bloed in die Afrikaner toegeneem of afgeneem?

Die aanvangsjaar van ons ondersoek, 1838, staan nog in die teken van die Groot Trek — seker een van die vernaamste gebeurtenisse in die bestaan van die Afrikaner. As gevolg van die Groot Trek het groot nuwe gebiede vir bewoning beskikbaar geword, en so ruimte gebied vir meer immigrante.

In die gebiede wat deur die Voortrekkers ontruim is, het plek onstaan vir nuwe intrekkers. Afstammelinge van Britse setlaars het gevolglik ingetrek in distrikte soos Graaff-Reinet, Colesberg, Burgersdorp, Jansenville ens., waar vroeër feitlik net Afrikaners gewoon het.

In Natal het Duitse en Britse setlaars in die distrikte, Ladysmith, Greytown, Weenen ens. ingetrek, nadat die meeste Voortrekkers Natal verlaat het.

Op die grootpad na die nuwe gebiede oorkant die Grootrivier het groterige dorpe soos Beaufort-Wes, Colesberg, ens. ontstaan. In die republieke self het nuwe dorpe soos Fauresmith, Bloemfontein, Potchefstroom, Pretoria, Lydenburg ens. tot stand gekom. Terwyl die Voortrekkers hoofsaaklik boere was, was die bewoners van die dorpe meestal nie-Afrikaners. In die dorpe het die beroepsmense en die ambagsmanne hulle kom vestig. Hoewel die meeste van hulle aanvanklik vreemdelinge vir die Afrikaanse boer was, is dit tog merkwaardig hoe gou hierdie inkomelinge met die Afrikaner geassimileer het.

Die Groot Trek het ook op 'n ander manier die samestelling van die Afrikaner beïnvloed. Voor die Groot Trek was daar 'n baie sterk neiging tot ondertrouery by die Afrikaners te bespeur. 'n Studie van die doop- en trouregisters van die jare voor 1838 bring aan die lig dat troue onder familielede baie algemeen was. Die Groot Trek het baie daartoe bygedra dat hierdie nadelige verskynsel baie afgeneem het. Hoewel die eerste trekgesel-

# AFKORTINGS WAT IN DIE LYSTE GEBRUIK IS

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aberdeen | AB. | Kaapstad | K. |
| Albanie | A. | Knysna | KN. |
| Alexandrieë | ALEX. | Kroonstad | KROON. |
| Aliwal Noord | A.N. | Kruisvallei | K.V. |
| Beaufort Wes | B.W. | Ladismith (Kaap) | LADI. |
| Bethulie | BETHULIE | Ladysmith (Natal) | LADY. |
| Bethlehem | BETH. | Lady Grey | L.G. |
| Bloemfontein | BFN. | Lutherse Kerk, Kaapstad | L.K. |
| Boshoff | BOS. | Lydenburg | LYD. |
| Bredasdorp | BR. | Malmesbury (Swartland) | S. |
| Burgersdorp | BUR. | Middelburg (Kaap) | MID. |
| Caledon | C. | Middelburg (Tvl.) | MID.(TVL. |
| Calvinia | CAL. | Montagu | MON. |
| Ceres | CE. | Mosselbaai | MOS. |
| Clanwilliam | CL. | Murraysburg | MUR. |
| Colesberg | CO. | Namakwaland | NAM. |
| Cradock | CR. | Napier | NA. |
| Darling | DAR. | Oudtshoorn | O. |
| Dordrecht | DOR. | Paarl | P. |
| Durbanville | D. | Pearston | PEAR. |
| Edenburg | EDEN. | Philadelphia | PHILA. |
| Ermelo | ER. | Philippolis | PHIL. |
| Fauresmith | FM. | Pietermaritzburg | PM. |
| Franschhoek | FR. | Piketberg | PIK. |
| Fraserburg | FRAS. | Nieu Gelderland (Natal) | N.G. |
| George | G. | Potchefstroom | POTCH. |
| Glen Lynden | GLEN. | Pretoria | PTA. |
| Graaff-Reinet | G.R. | Prins Albert | P.A. |
| Greytown | GREYTOWN | Queenstown | Q. |
| Greykerk | GREY. | Richmond | RICH. |
| Grikwastad | GRIK. | Riebeek West | R.W. |
| Hanover | HAN. | Riversdal | RIV. |
| Harrismith | HAR. | Robertson | ROB. |
| Heidelberg (Kaap) | HEID. | Rouxville | ROUX. |
| Heidelberg (Tvl.) | HEID. (TVL.) | Rustenburg | RUS. |
| Hopefield | H.F. | Simonstad | SIM. |
| Hope Town | H.T. | Smithfield | SM. |
| Humansdorp | HUM. | Somerset Oos | S.O. |
| Jacobsdal | JAC. | Somerset Wes | S.W. |
| Jansenville | JAN. | Stellenbosch | ST. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| Stockenstroom | STOCK. | Wakkerstroom | WAK. |
| Sutherland | SUT. | Weenen | WEEN. |
| Swellendam | SW. | Wellington | WEL. |
| Tarkastad | TAR. | Willowmore | WIL. |
| Tulbagh | T. | Winburg | WIN. |
| Uitenhage | U. | Worcester | W. |
| Uniondale | Un. | Wuppertal | WUP. |
| Victoria Wes | V.W. | Wynberg | WYN. |
| Victoria en Peddie | VICT. | Zeerust | ZEE. |
| Villiersdorp | VIL. | Zoutpansberg | ZOUT. |

Die doopregisters van al die bostaande gemeentes is vir die jare 1838 tot 1867 deurgegaan en ekstrakte daaruit gemaak van alle doopbedienings wat nuwe toevoeging tot die Afrikaner se samestelling verteenwoordig. Sover bekombaar is ook die huwelik- en lidmaatregisters van bs. gemeentes deurgegaan. Hierdie registers het gewoonlik ook die herkoms van die ouers aangegee. Waar dit nie daaruit bepaal kon word nie, is die sterftekennisse in die Kaapstadse Staatsargief nageslaan. Hierdie dokument is aangegee deur nommers, bv. 1811/87 beteken stuk no. 1811 vir die jaar 1887.

## ANDER AFKORTINGS

| | | |
|---|---|---|
| Ar. | = | Staatsargief |
| Burg. | = | Burgership |
| D/N | = | Sterftekennisse in Staatsargief, K. |
| Doop. | = | Doopregister |
| Jr. | = | Junior |
| Maur. | = | Mauritius |
| Not. | = | Notule van Kerkraad |
| Reg. | = | Registers (Doop-, Lidmaat- en Trouregisters) |
| Perm. | = | Permission to remain |
| Sett. | = | Hockly: The Story of the British Settlers in S.A. |
| Spoel. | = | Spoelstra: Boustoffen |
| Sr. | = | Senior |
| Trou. | = | Trouregister |

## AFKORTINGS WAT IN DIE LYSTE GEBRUIK WORD

(a) Vir Nasionaliteite:

D = Alle Duitssprekende immigrante, d.w.s. Duitsers, Duitse Switsers, Luxemburgers en Oostenrykers.

DE = Denemarke.

E = Alle Engelssprekende immigrante, d.w.s. Engelse, Skotte, Wallissers, Iere en Amerikaners.

FR = Alle Franssprekende immigrante, d.w.s. Franse, Wallone en Franssprekende Switsers.

I = Italiaanse immigrante.

K = Kinders wat in berekening gebring word.

V.D.K. = Stamouers met nie-blanke bloed.

N = Alle Nederlandse immigrante insluitende Vlaminge.

NB = Alle nie-blanke stamouers insluitende Hottentotte en Bantoes.

Noor. = Nore.

Port. = Portugese.

SW. = Swede.

V.O.A. = Van onbekende afkoms.

(b) Afkortings vir bronne wat dikwels aangehaal word:

Franken. = Franken, J. L. M.: Taalhistoriese Bydraes.

G.R. = De Villiers, C. R.: Geslacht-Register der oude Kaapsche Familiën.

Hoge = Hoge, J.: Bydraes tot die Genealogie van ou Kaapse Families.

Malh. = Malherbe, D. du T.: Driehonderd jaar Nasiebou.

Pama = Pama, C.: Die Pama-uitgawe van G.R.

Pers. = Hoge, J.: Personalia of the Germans at the Cape, 1652-1806.

Ploeg. = Ploeger, Lyste.

Zeitschrift. = Zeitschrift für Rassenkunde, 1938.

# AFKORTINGS VAN PERSOONSNAME

| | | |
|---|---|---|
| Abr. | = | Abraham |
| Adr. | = | Adriaan, Adriana |
| Al. | = | Aletta |
| Alb. | = | Albert, Albertus, Albrecht, Alberta |
| Alex. | = | Alexander |
| Arn. | = | Arnoldus |
| Aug. | = | August, Augustus |
| Balth. | = | Balthasar |
| Baren. | = | Barendina |
| Barth. | = | Bartholomew |
| Ben. | = | Benjamin |
| Cath. | = | Catharina |
| Ch. | = | Charl, Charles |
| Charl. | = | Charlotte |
| Chris. | = | Christina |
| Christi. | = | Christiaan |
| Christo. | = | Christoffel |
| Cic. | = | Cicilia |
| Coen. | = | Coenraad |
| Corn. | = | Cornelis, Cornelia |
| Dan. | = | Daniel |
| Dor. | = | Dorothea |
| Edw. | = | Edward |
| Eliz. | = | Elizabeth |
| Ferd. | = | Ferdinand |
| Franc. | = | Francina |
| Fred. | = | Frederik |
| Fried. | = | Friedrich |
| Geert. | = | Geertruida |
| Gerh. | = | Gerhardus |
| Gloud. | = | Gloudina |
| Hein. | = | Heinrich |
| Hel. | = | Helena |
| Hend. | = | Hendrik, Hendrika |
| Herm. | = | Hermanus |
| Isab. | = | Isabella |
| Jac. | = | Iacobus, Jacoba |
| Jacom. | = | Jacomina |
| Joh. | = | Johan, Johannes, Johanr |
| Lamb. | = | Lambertus |
| Lod. | = | Lodewyk |
| Magd. | = | Magdalena |
| Marg. | = | Margaretha, Margaret |
| Marth. | = | Marthinus |
| Nic. | = | Nicolaas |
| Petron. | = | Petronella |
| Phil. | = | Philip, Philippus, Philippina |
| Rob. | = | Robert |
| Ros. | = | Rosina |
| Salom. | = | Salomina |
| Sam. | = | Samuel |
| Seb. | = | Sebastiaan |
| Sus. | = | Susanna |
| Theod. | = | Theodorus |
| Thom. | = | Thomas |
| Wilh. | = | Wilhelm, Wilhelmina |
| Zach. | = | Zacharia, Zacharias |

## LYSTE 1657-1807

In o.s lyste verskyn agtereenvolgens die volgende data:

1. Naam en van van vader
2. Naam en van van moeder
3. Getal kinders in berekening gebring
4. Nasionaliteit van vader, moeder
5. Huweliksdatum (indien beskikbaar) en plek van huwelik
6. Bron aanwysings

'n ■ dui aan dat ek hier van Colenbrander verskil.

### TYDVAK 1657-1687

APPEL Jurrian / FERDINANDUS Jannetje (1)
N-N (In N.) Pama 10.

VAN AS Joh / N. Vrou ? (2)
N-N (In N.) Pama 12.

BASSON Arnoldus / Angela van Bengale (4)
N-NB (13.12.1669 K) Pama 24, Hoge 14.■

BASTIAANS Francois / DE LEEUW Anna M (5)
FR-N (19.5.1686 K) Pama 27.

BERGH Olof / DE KONING Anna v.d.K. (4)
½SW + ¼N + ¼NB (?) Pama 41, Hoge 17.■

BAIECK (Beyers) Andreas / Catarina v.d.K. (2)
V.O.A.-NB (21.3.1683 K) Pama 51, Hoge 19, Trou K.■

BEZUIDENHOUT Wynand L / GERRITS Jannetje (2)
N-N (23.9.1668 K) Pama 53.

BOSCH Dirk / MEYNTINGS Geert (1)
N-N (29.4.1668 K) Pama 71.

BOSHOUWER Pieter / GABRIELS Adriaantje (2)
N-VOA (9.7.1683 K) Pama 73, Hoge 23. ■

BOTHA (eintlik CORNELISZ) Jan / HARMANS Cath (2)
N-N (22.5.1672 K) Pama 88, Trou K.

BOTHMA Steven / HENDRIKS Hend (2)
N-N (In N.) Pama 88.

VAN BRAKEL Adr / VAN ROSENDAAL Sara (5)
N-N (28.5.1670 K) Pama 91.

VAN DER BYL Gerrit / VAN DER TEMPEL Sophia (1)
N-N (±1660 in N.) Pama 126.